

NG KERK - GELOWIGE SE VYAND

Die NG Kerk en feitlik elke moderne kerk denominasie vandag se strewe na kultuur eenheid tussen rasse en gelowige se oorsprong is in die Zoroastriese Babiloniese heidendom.

LIBERALISME IS 'N SIELKUNDIGE AFWYKING

GEWELD IN DUITSLAND

VAN RIEBEECK

EN MEER...

DIE VAANDELDRAER





INDEX

NG KERK — GELOWIGE SE VYAND	4
LIBERALISME IS 'N SIELKUNDIGE AFWYKING	6
VAN RIEBEECK	9
GEWELD IN DUITSLAND	10
HARRY EN BESS	11
DIE ROOI DRAAK	12
'N BLOEDTRAAN	14
POSKANTOOR STEIER	14
LIMPOPO GEBIED	14
SIVIELE ONRUS	15
SUID-AFRIKA	16
LIEWE WIT SEUN EN DOGTER	17
DIE BOERE STAAN OP!	19
PRETORIA BRAND	19

Posbus 316, Ladismith, 6655

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Navrae: info@vaandel.co.za



VAN DIE REDAKTEUR

Ons het hierdie maand moeite gedoen om 'n interessante verskeidenheid artikels saam te stel en ons glo daar is genoeg pitkos vir elkeen.

Die kerk, en veral die NK Kerk, het hom die afgelope 30 jaar van die volk vervreem en deel geword van die "groot afval" wat vir ons dag voorspel is. Sy dwaalleer het in 1985 volle beslag gekry op die veelbesproke Nasionale Inisiatief vir Versoening (NIV), wat in Pietermaritzburg plaasgevind het en wat uiteindelik gesorg het dat 'n veelrassige samelewing in Suid-Afrika gevestig word.

Op die sosiale front was dit weer die liberale denkers met hulle selfhaat en geestesversteurdheid wat 'n bydrae gelewer het om die behoudende volkshart uit te ruk. Liberalisme word vandag deur sielkundiges aanvaar as 'n psigiese afwyking en staan bekend as die Oslo-sindroom. Volgens die Jood Kenneth Levin, kom dit voor by mense wat nie net hul eie volksgen-

ote haat en verag nie, maar ook 'n diepliggende selfhaat koester wat net bevrediging kry wanneer hy 'n volksgenoot kan vervolg, aan die vyand kan uitlewer of selfs sy dood bewerkstellig. Hy kan nie anders as om hom aan die kant van die vyand te skaar nie.

Die Afrikaan daarenteen is gou om hierdie "swakheid" gewetenloos uit te buit ten einde die liberalis én sy medeblanke op die spit te braai. Omdat hy dit nie kan aanvaar dat hy niks besit en niks tot stand gebring het nie, word die blanke daarvoor geblameer. Nee, erger nog, die blanke het dit alles van hom gesteel, en nou wil hy dit terughê. Elke flentertjie grond, elke sinkplaat, elke rioolsloot, elke pampoenpit en elke kakiebos het die pruikhaarower, Jan van Riebeeck, 2 000 jaar gelede in 'n siende stormnag sy skuit aanwal gesleep en met alles qweggeloop! As veronregte slaaf was daar nooit vir klong se kind geleentheid om op 'n skoolbank te sit nie en wys te word nie. Onse Jan se etiek en morele standarde



was net so ver van hom verwyder as die melkweg.

Daarom sal hulle nie die bydrae oor Harry Truman kan verstaan nie. Dis ver benede hulle wêreld van goudstopsels, blink, gestreepte dasse, sybokhaarpatte en skerppunt skoene. Om in die sfeer van adelikheid, onbasatsugtige liefde vir jou land en volk te beweeg; 'n aftreepak van \$13 000 te kry, daarna in 'n nederige drie-slaapkamerhuisie te bly; jou eie posseëls te koop en te lek en self op die koevert te plak, is 'n nagmerrietoneel uit een van Bram Stoker se rillers. Aardse glans en praal is die fondasie van hulle ewige tuiste wat op die fondament van Babel deur die Vatikaan gelê is en die Vatikaan is die hand waaruit Ta se kind hulle eet.

Dan verbaas dit mens nie dat die Vatikaan se bybel nie Godswoord is nie, maar die Evangelie van Satan. Dis die pous se eiendom en word al die afgelope 500 jaar in hulle Verbode Argiewe weggesteek, glo vir die "veiligheid en beskerming" van gewone sterflinge. Slegs enkele kardinale en biskoppe het toegang tot hierdie "heilige skrif" waarin Satan self aan die woord is en die pad na sy onderaardse koninkryk vir sy volgelingen uitstippel. Saam met The Key of Solomon word dit beskou as die mees gesaghebbende handleiding; dit wys hoe om demone op te roep, antieke towerkunste te doen, o.m. om jouself onsigbaar te maak, verlore items te vind, 'n liefdesbetoweringsmiddel te meng en hoe om duiwelbeswering te bekragtig.

En terwyl die binnekring van die pousdom homself hiermee vermaak, stroom honderde ekstasiese volgelingen na die standbeeld van die Maagd Maria in Kolombië waar sy vroeër vanjaar 'n bloedtraan getort het. Niemand kon tot dusver nog vasstel waarom hulle Liewe Vrou so hartseer is nie. Is dit oor die toestand waarin die kerk verkeer? Of miskien omdat sy nog nie haar ereplek as geseënde vrou in elke kerkgebou op aarde ingeneem het nie? Sy kan nou maar ophou huil, want ons het goeie nuus vir haar:

hier in Suid-Afrika het die drie stroere susters reeds hulle weg na die Moeder gevind en aan haar voete gaan kniel...

NG KERK – GELOWIGE SE VY-AND

In September 1985 het 'n groep predikante van verskillende kerke in Pietermaritzburg bymekaargekom vir 'n byeenkoms genaamd Nasionale Inisiatief vir Versoening (NIV). Hulle ideaal was 'n veelrassige samelewing wat so gou moontlik in Suid-Afrika tot stand moes kom. Hiervoor moes die NG Kerk as grootste Afrikaanse Kerk gewen word. As die Afrikaner se Kerk sou val, sou die pad na die uiteindelijke abdikasie van partisie soveel makliker wees.

By hierdie byeenkoms het predikante van die NG-kerk prominent in die trant van die nuwe rigting na vore getree. Na afloop van die vergadering het hierdie NG predikante 'n gesamentlike verklaring uitgereik waarin hulle onbeskroom verklaar het: "Ons het berou oor die wyse waarop ons die eenheid van die kerk geskend het, sowel binne one eie kerk as in die breër ekumeniese verband in Suid-Afrika."

Dit blyk hulle het die dinge agter PW Botha se rug bekook. Groot geheimsinnigheid omhul vandag nog steeds hierdie vergadering. Die reis en verblyfkostes van sowat 50 predikante wat per vliegtuig soontoe gereis het en van hotelhuisvesting voorsien is, is deur 'n onbekende donateur deur bemiddeling van die destydse moderator van die NG kerk in Noord-Transvaal betaal. Hoekom hunker die NG Kerk na die Heidense sataniese bestel? Ons vind hierdie NG Kerk sekte se oorsprong in die Zoroastriese Babiloniese heidendom.

CHRISTENDOM SE HEIDENSE KONNEKSIE

Konstantyn is die konneksie tussen die Heidendom en die geloof in die Judese Messias. Verduidelik as “kultuur-vermenging”, het die Heidendom die boodskap van belydenis vergiftig tot feitlik onherkenbaar. Indien jy enige aspek van die groei van die Christendom bestudeer, sal jy een bloedbad na die ander vind. Indien jy sou voortgaan in ‘n soeke na die ergste vervolging van Christene deur Heidene, sal jy vind dat dit ‘n piekniek in die park was in vergelyking met wat “Christene” oor baie eeue heen aan nie-Christene gedoen het, en selfs aan mekaar in verskeie worstelinge om beheer.



Konstantyn het Christenskap as die Romeinse Staatsgodsdienst verklaar, maar die vorm was ver van enigiets bekend aan die eerste Nasareners. Konstantyn moes die menigtes van Heidene (meestal sy soldate)

laat saamsmelt met die Nasareense geloof, ten einde sy groot ryk te kon beheer. Hierdie versoening, of samevoeging van die Nasareense geloof met Mithraïsme, se eindprodukt is wat ons vandag sien as “Christendom”. Hy het die “kruis” die primêre simbool van hierdie nuwe samesmelting gemaak, en die Heidene saamgetrek rondom die emosionele betekenis daarvan. Die hoof saak by sy Nicene Raad in 325 CE, het plaasgevind op die datum van “EASTER”, weereens die mees belangrike punt in die Heidense begrip wanneer die son die Zodiac “kruis” by Taurus.

Konstantyn het Mithras en “Christus” saamgevoeg, en het ontleen van die Heidense agtergrond van son-aanbidding vir elke vertolking. Baie van die Pastore in die Christendom weet hierdie dinge, maar haal dit nooit op nie. Meeste gee nie om nie, dis net nog ‘n werk.

‘n Paar is bang dat as hulle dit na vore sal bring, hulle wêreld uitmekaar sal val. Jy sal oplet dat indien jy hierdie dinge in die privaatheid bespreek met ‘n pastoor, hy twee of drie verse uit Paulus se briewe sal uithaal en daarna versteen – nie gewillig om die waarheid te ondersoek nie. Hy wil nie werklik tot op die bodem hiervan delf nie, want dit sal alles wat hy leer en leef, ontmasker as ‘n leuen.

Die sekulêre bevolking leef ook in hul eie droomwêreld. Sommige is idealiste, en gaan sorgvry deur die lewe, tevrede met die weervoorspellings en sport-uitslae. Daar is baie dinge om jouself mee besig te hou, maar baie min mense kan werklike inligting kry en dit in ‘n betekenisvolle vorm plaas. Die Romeinse Dier se kragtigste instrument is die kalender, of soos ek dit noem, die groot “treknet”. Wanneer mense daarvan bewus gemaak word dat die ou Babiloniese “ritmes” ingebou is in die jaarlikse siklusse van Son-dag, Kersfees, Paasfees (Easter) en Halloween, maak dit soms hierdie rituele nog meer aantreklik vir hulle.



Die “Oosterse” godsdienste het baie westerlinge begin fassineer, en hulle soek na versteekte geheimenisse daarin – en noem dit “Nuwe Era”. Een onlangse beweging van ‘n Nuwe Era kultus, is die omhelsing van die Standbeeld van Vryheid (Statue of Liberty) as ‘n afgod. Hulle plaas lelies naby ‘n gedenkplaat met ‘n gebed daarop, aan haar gerig as Moeder Aarde. Hierdie enorme beeld is ‘n afbeelding van die Babiloniese godin van Dageraad, Moeder Aarde. Die “vryheid” wat sy aan die mense op die Aarde bied, is vryheid van die Skepper se patroon vir lewe:

“WAAROM woel die nasies en bedink die volke nitetige dinge? 2Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: 3 “Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!” Dit staan in Psalm 2 en is opsommend van hoe mense daarna soek om “vry” te wees om hul eie weg tot geluk te kies. Koningin Semiramis behou haar beeld, alhoewel sy ‘n heks was. Die beeld was ‘n geskenk van die Franse aan Amerika, ‘n groter replika van ‘n standbeeld van die songodin op ‘n brug in Frankryk. Die globale “geheime organisasies” gekoppel aan die Illuminati weet alles hiervan, en hulle maak net seker dat die gewone mense gemanipuleer word om hul agendas uit te voer.

Hulle verwys na ‘n gewapende magte as “kanonvoer” en gebruik oorloë om meer geld te maak en bevolkingsgetalle onder hul beheer te hou. Die liefde vir geld en olie dryf hierdie boosheid aan. Konstantyn het die onderskeidingsteken, genoem die “labarum” aanvaar, ‘n kruis met ‘n krans daarbo met die Griekse letters CHI en RHO aan die binnekant. Hy het dit op die skilde van sy soldate laat sit as die “Christelike” kenteken om voort te gaan in oorwinning.

Later is die “Kruisvaarders” uitgestuur terwyl die plunderende moordenaars groot rooi kruise voor op

die bors gedra het. Die woord “Kruistog” verwys na hierdie kruis (crux). Hierdie foute het die wêreld oorweldig omdat dit in groot duisternis is. Rabbi Jesus het gekom om Sy volk oor die wêreld te leer, maar dit het Sy leringe nie aanvaar nie. Daarom, wanneer die tyd aanbreek, sal die wêreld gestraf word, skuldig bevind word aan die wandade teen Hom, en die gehoorsame kinders van die Vader sal dit beërwe. Daar is ‘n gesegde wat sê dat ‘n wyse man met sy vinger na die maan gewys het. Die idioot het slegs die vinger dopgehou.

As ons kyk na die uitkoms van Christendom oor die laaste 1600 jaar, wil dit voorkom dat die hele punt baie vroeg al verlore was. Konstantyn se regering het probeer om ‘n probleem “reg” te maak, en dit net vererger. Dit is ‘n treurige ding om te sê, maar regerings het nie veel verander wat dit betref nie.

Gedurende die ver“Christeliking” van die Noorse gebiede en gedurig deur die Kruistogte, het mense die keuse gehad: BEKEER OF STERF. Toe het die 600 jaar heerskappy van terreur gekom deur die inkwisisie.

LIBERALISME IS ‘N SIELKUNDIGE AFWYKING

Ons is almal bekend met blankes wat die kant kies van nie-blankes teen blankes en ons is moontlik ook bekend met die feit dat hulle gewoonlik as regverdig beskou word en dat hulle die morele hoë grond het. Die realiteit is egter dat die meeste van hulle ly aan die een of meer geestesversteuring.

Die Oslo-sindroom is die term wat die Joodse skrywer, Kenneth Levin, gebruik om spesifiek die Jood se haat vir Jode te beskryf. Die konsep is van toepassing op alle groepe aangesien dit ‘n basiese menselike psigologiese fenomeen is wat verwant is aan beide


die Stockholm-sindroom sowel as die Mishandelde Kind-sindroom.

Wat essensiël gebeur, is dat wanneer 'n spesifieke groep mense onderwerp word aan konstante haat, demonisering en verguising, sal die gees van sommige in die groep gebreek word en pak gegee word soos honde wat geslaan word en hulle sal agting vir hulself en vir hulle groep verloor en waardeloos voel, vol wanhoop.

Hierdie wanhopige individu, soos met die Oslo-sindroom, sal nie diegene wat hulle skade aandoen, blameer nie, maar sal die kant kies van dié wat die skade berokken teen die ander in hulle eie groep, waarskynlik omdat dit hulle 'n gevoel van mag gee en sodoende hulself beter laat voel.

Levin sê dat Jode wat onder die Palestene woon en wat die kant van die Palestene teen die Jode kies, die Oslo-sindroom koester. Enige volwasse individu en groepe van volwasse individue – en nie net Jode en Joodse groepe nie – kan dieselfde sielkundige simptome hê wat dikwels gesien word in kinders wat mishandel word, of soos Levin dit noem – die Oslo-sindroom.

Daar was 'n soortgelyke fenomeen onder die Amerikaanse Indiane. Baie van hulle het so waardeloos begin voel dat hulle verkies het om selfmoord te pleeg eerder as om te leef as individu met geen nut nie. In hierdie gevalle was die psigologiese gevoel van skuld, self-haat en waardeloosheid so groot dat om hierdie gevoelens te verlig – hierdie baie werklike, maar onsigbare psigologiese pyn – het hierdie mense bloot hulle eie lewes beëindig. Ander het na alkohol gegryp. Ander het stilweg gely en eenvoudig opgehou om te probeer om sinvolle lewes te lei. In die meeste gevalle het die Indiane hulleself en ander Indiane blameer vir hulle probleme.



Dit moet beklemtoon word dat die wortel van die Oslo-sindroom gevoelens is van selfhaat, waardeloosheid en 'n skuldgevoel. Ook dat sommige individue hulle eie mense sal aanval om hulle negatiewe gevoelens te verlig, en om verligting te kry van hierdie drukkingsklep te kry, neem hulle hul toevlug na rituele selfmoord of selfverloëning. Diegene wat hulle eie mense aanval deur hul bevooroordeeldheid teen diesulkes, sal dikwels eerbaar daarvoor voel.

Om die kant te kies van die groep wat teen jou eie groep is, is net 'n manier om die sielkundige pyn te verlig. Die onderliggende psigologiese beginsel hier is een van om te probeer om die opgekropte psigologiese druk van hierdie gevoelens van wanhoop, selfhaat, skuldgevoel en waardeloosheid te verlig.



Die skakel met die Mishandelde Kind-sindroom is duidelik. Dit werp lig op die volwasse manifestasie van 'n sindroom. 'n Kind wat mishandel word, fisies of sielkundig, sal dikwels nie sien dat die probleem nie by homself lê nie, maar by die ouer of ouerfiguur wat volle beheer oor hom het en die een is wat mishandel. Die kind voel skuldig en blameer homself en glo dat as hy of sy net 'n beter kind was, sou die ouer of ouerfiguur ophou om hom te mishandel. Die kind glo dus hy of sy is altyd verkeerd en waardeloos.

U het ongetwyfeld stories gehoor van blankes wat swartes vergewe wat probeer het om hulle te vermoor omdat hulle blank is. En dan aanvaar hierdie voorgeslaande blankes dikwels die swarte se vooroordeel teenoor blankes. U het al gelees oor blanke ouers wat swartes vergewe wat blanke kinders van blanke ouers vermoor. Hierdie blanke ouers sê dan dat hulle verstaan en somtyds bevriend hulle selfs die moordenaars van hulle eie blanke kinders. Sulke optrede aan die kant van die blankes wys op die Oslo-sindroom.

'n Goeie voorbeeld is dié van Amy Biehl. Sy was 'n Amerikaanse student wat in Suid-Afrika kom werk het. Haar doel was juis om versoening tussen rasse-groepe te help herstel. Maar op 25 Augustus 1993 is sy deur 'n groep swart jeugdiges in die Gugulethu Township in Kaapstad vermoor. In 1998 is amnestie aan die vier moordenaars verleen en is hulle uit die tronk vrygelaat. Die Biehl ouerpaar het die uitspraak ondersteun en hande geskud met die moordenaars en hulle vergewe.

Ons sien vandag dat blankes op verskillende vlakke van die samelewing aangeval word. Daar is konstante samelewingswye tromslae wat die blankes satanies beïnvloed. Ons hoor byvoorbeeld dat blankes nie dit wat hulle besit, verdien nie en dat hulle dit net gekry het deur blanke bevoorregting. Of ons hoor dat as dit nie vir blanke rassisme en haat vir die swartes was nie, sou swartes 'n beter lewe gelei het. Dit is niks

minder as sielkundige mishandeling nie en dieselfde as wat ons sien in gevalle van kindermishandeling. Blankes moet skuldig voel omdat hulle niks meer doen as om te wees wat hulle gebore is nie en tog word uitdrukking van hulle blankheid of genetiese identiteit, asook net goed voel oor hulleself, vinnig beklad as tekens van rassisme en blanke boosheid.

Soos met alle psigologiese siektes, is daar 'n kontinuum van selfhaat en sommige van die simptome en uitdrukkings van die Oslo-sindroom in blankes is meer subtiel, en mag vir die toevallige waarnemers voorkom as deugszaamheid. Wanneer jy byvoorbeeld blankes sien wat hipersensitief is vir opgemerkte beledigings teenoor swartes en wat dan hulle mede-blankes aanval met woorde of fisies vir hulle "rassisme", kan jy baie seker daarvan wees dat jy kyk na 'n persoon wat ly aan die Oslo-sindroom. Die lewe van so 'n selfhatende blanke is een van selfverloëning.

In sommige blankes sien ons dat hulle heimlik bevrees is dat hulle rassisties is en dat hulle hulself as sulkes in die steek gelaat het en dat hulle hulself nou moet straf.

Ons sien ook blankes wat hulself en hulle eie soort probeer uitwis deur nie kinders te hê nie of om min kinders te hê. Hulle probeer dit ook deur rasvermenging en die voortbring van nie-blanke kinders, asook deur die aanneming van nie-blanke kinders.

'n Jong blanke student wat uit 'n konserwatiewe huis kom, is aan universiteit deur haar dosent dat sy haar skuldig maak aan die uiterste vorm van rassisme. Sy het daarna nie net haar ouers ook daarvan oortuig nie, maar 'n liefdesverhouding met 'n swarte aangeknoop en nou verkondig sy openlik dat hulle twee "mooi bastertjies gaan maak".

Daar is baie maniere waarop hierdie selfhaat-sindroom en soortgelyke selfhaat neurose hulleself kan manifesteer. Die doel vir die individu is om altyd



daardie psigologiese pyn van skuld omdat hy of sy blank is, te verlig en om daarna te vergoed vir die boosheid vir dit wat die persoon dink hy of sy mee gebore is deur homself op een of ander manier op te offer.

‘n Mens kan natuurlik die Groot Wit Moeder en die Groot Wit Vader komplekse byvoeg as deel van die onbewustelike motiverings vir die aanneem van ‘n nie-blanke baba – en gewoonlik hoe swarter hoe beter. Hierdie mense sal nie ‘n swart baba aanneem wat nie amper persswart is nie uit vrees dat ander nie sal besef dat die kleintjie in werklikheid swart is nie. Hulle glo dat deur dit te doen, sal ander hulle beskou as werklik deugszaam en regverdig. En dis vir hulle ‘n vorm van oorwinning oor hulle “bose” karakter.

Die enigste wapen hierteen is om geesteskrag en selfagting te ontwikkel waarmee jy dié wat blankes haat, kan weerstaan. Bly wit. Kry wit kinders. Leef wit. Moet nooit ander blankes kritiseer wat ook wakker is en bewus is van wat aangaan nie. Moet nooit saam met nie-blankes kant kies teen jou medeblankes nie. Moenie jouself en jou volksgenote haat nie ...

VAN RIEBEECK

Ek lees toe mos nou die dag hier op Bakkiesblad van ou Jan van Riebeeck se stelery 2000 jaar gelede en besluit toe dat ek onmiddelik daai ANC-parlementslid, Deborah Dineo Raputhi, moet kontak en vir haar vertel hoe my Geskiedenisonnies vir my gelieg het! Vra toe ook sommer vir haar om my asseblief van die korrekte geskiedenis oor Jan en sy skelmstreke te voorsien sodat ek die saak met my onderwysers kan opneem.

Deborah is toe heel inskiklik en stuur dadelik vir my die korrekte weergawe aan, so vir die van julle wat, nes ek, onder die valse indruk was dat ou Jan eers in 1652 in die Kaap geland het, hier is die feite aldus die intellektuele reus, Deborah Dineo Raputhi!

Dit is die jaar 16 nC. Keiser Tiberius regeer oor die Romeinse ryk, maar kruip iewers op die eiland van Capri weg vir Sejanus terwyl korrupsie Rome in chaos gedompel het. Uit pure benoudheid dat Sejanus hom gaan laat doodmaak, begin Tiberius naarstiglik soek na iemand wat vir hom ‘n skuit kan bou sodat hy kan vlug. Hy gryp sy skootrekenaar, Google dat die rook draai en lees toe op Wikipedia oor die Neanderthals wat so 5 000 jaar vantevore reeds skuite begin bou het. Hy besluit om vir hulle koning ‘n epos te stuur en te vra dat hulle die beste skuitbouer daar uit Holland op die eerste beskikbare vliegtuig moet laai om vir hom ‘n skip te kom bou, want hy was te bang om te vlieg nadat sy ma hom as kind die storie vertel het van Icarus wat wintie was met sy jet en ‘n noodlanding op Cape Canaveral moes maak wat hy toe ongelukkig nie oorleef het nie.

Willem Frederik, wat nie juis ‘n groot liefde vir die Romeine gekoester het nie, Skype toe vir Jan van Riebeeck en beveel hom om dadelik na Capri te reis en vir Tiberius ‘n skuit te gaan bou en hom sommer daar by hul padstal in Kaapstad te loop aflaaai dat hy kan help wyn maak. Jan is inderhaas daar weg en is so begeesterd dat hy sommer vir Tiberius 3 skuite bou – die Reiger, die Teiger en die Titanic. Tiberius het immers baie goud en slawe wat vervoer moet word en Jan het ‘n lang plan...

Met sy laaste besoek aan Kaapstad in die jaar 15 het hy gesien dat daar massas grond en reuse berge is wat hy darem bitter graag so by die kruise vol op daai skuite sal wil laai om Holland toe te vat. Die plek kort immers grond siende dat dit hol en vol water is en wie sal nou huil as hy vir hom ‘n bietjie grond steel?



Tiberius het intussen skelm gaan vakansie hou in die Alpe saam met sy ex, Vipsania, en ou Jan besluit toe om maar sonder hom die pad te vat Kaapstad toe. Die man was vir jare op daai skuite. Bedags, wanneer hy nie besig was om grond op sy kruiwa te laai nie, het hy vis gevang en saans het hy CNN gekyk om op hoogte te bly van wat in die wêreld aangaan. Ou Jan was ook maar bly dat hy met sy skuite op die see was, so heen en weer tussen die Kaap en Holland meeste van die tyd, want in die 1 600 jaar wat hy so grond gesteel het tussen die jaar 16 en 1652 was die gort behoorlik gaar. Johannes die Doper is vermoor, Jesus is gekruisig, Koninkryke het tot 'n val gekom, lande is verower, nuwe kontinente is ontdek, stede is gebou.

Die Italianers en die Franse het tennis gespeel, wyn gemaak en paleise gebou. Die Skotte het golf gespeel en die Queen daar in Engeland het in polvy rondgetrippel op marmer vloere.

...maar ou Jan het vir 1 600 jaar aanmekaar, heen en weer met sy 3 skuite gevaar tussen Kaapstad en Rotterdam en grond gesteel om Holland minder hol te maak terwyl die Zoeloes nog iewers in die Noorde van Afrika rondgetrek het agter skoon water en kos aan, almal in hul pad vermoor het en die inboorlinge hul name in prentjies op rotse uitgekrap het terwyl die res van die wêreld boeke geskryf het oor wiskunde en wetenskap en medisyne en geskiedenis...

Ou Jan moes egter sy grondstelery staak toe sy skuit, die Titanic, met 3 pragtige wynplase daar uit Stellenbosch se geweste, onderweg na Rotterdam geheimsinnig in die Bermuda Driehoek verdwyn het. Deborah beweer dat dit eintlik die Vlieënde Hollander was wat daai 3 wynplase by ou Jan gesteel het, maar ek dink dit was Jack Sparrow, want die man hou kwaai baie van wyn!

Nou sit ons hier in Suid-Afrika met 'n groot gat daar in Kimberley waar ou Jan die meeste grond gesteel

het. Die Queen van Engeland het al die blink klippies wat Jan weggegooi het op haar kroon en aan haar ore loop hang en die hele Johannesburg is so hol van onder gesteel dat daar al 'n tunnel tot in China is. Dis ook die dat amper als wat oop en toe maak in Suid-Afrika "Made in China" plakkers op het. Dis hoeka, soos die mol grou, nou Suid-Afrika se naaste bure en dis als Jan se skuld!

Daar's nog baie ander goed wat ook Jan se skuld is, maar ek wou net die stukkie met julle deel vir eers sodat julle ook net die datums onder die knie kry voor ek julle opsaal met die res van Ou Jan se sondes... Sunette Bridges.

GEWELD IN DUITSLAND

Die aantal gewelddadige misdade met regse politieke motiewe, het verlede jaar met meer as 40% toegeneem. Dit het gepaard gegaan met 'n groot instroming van vlugteling, word deur die Duitse regering berig. Die aantal misdade wat deur vreemdelinge gepleeg is, het ook met meer as 10% toegeneem.

Die Duitse owerhede het 1485 gewelddadige, regse misdade verlede jaar aangeteken. Die vorige jaar was dit 1,029, volgens die jaarlikse statistieke, en dit neem steeds toe. Soos wat die aantal wonings vir asielsoekers vergroot, so ook het die aanvalle op hulle meer as viervoudig vermeerder tot 923. Gewelddadige optrede teen daardie huise het van 26 die vorige jaar gestyg tot 177 verlede jaar.

Die binnelandse ministerie het verslag gedoen oor 'n groot toename in die breër kategorie van "haatmisdade", oortredings van 'n rassitiese of anti-semitiese aard, of mense wat geteiken word oor hulle geloof. Dit het met 77% gestyg van 3,423 tot 10,373.

Thomas de Maizière, minister van Binnelandse Sake, het hieroor gesê: “Die opswaai van regse politiegemotiveerde misdaad is die duidelikste in die xenofobiese insidente.” En dan dreig hy dat daar hard teen diesulkes opgetree sal word; maar erken ook terselfdertyd dat linkse gewelddadige misdaad selfs groter is as dié van die regses en grootliks teen die polisie gemik is.

Hy sê ook by verre die grootste kategorie van misdaad is dié wat deur vreemdelinge gepleeg word – dus swartes en handdoekkoppe. En hy noem versuim om te registreer of onwettige binnekoms in die land as die grootste persentasie misdaad. Nou toe nou! Net soos ‘n mens dink daar is hoop vir die Franse, dan kom hulle minister met sulke afgewaterde beskuldigings.

Die grootste getal instromers wat betrokke is by misdaad, kom uit Turkye, Roemenië, Pole, Serbië en Italië.

HARRY EN BESS

Harry Truman was ‘n ander soort president. Hy het waarskynlik net soveel of meer belangrike besluite geneem oor die Amerikaanse volk se geskiedenis as enige van die 43 presidente wat voor of na hom was. Maar ons kry eers met sy ware en besondere persoonlikheid te doen nadat hy die Withuis verlaat het.

Na sy afsterwe was sy enigste bate die huis in Independence in Missouri waarin hy en sy vrou Bess gewoon het. Sy vrou het die huis van haar ouers geërf en behalwe vir die jare wat hulle in die Withuis was (1945-1952), het hulle hul hele lewe in dié huis gewoon.

Toe hy in 1952 uitgetree het as president, was sy inkomste ‘n VSA Weermagpensioen van \$13,507.72 per jaar. Die Kongres het agtergekom dat hy vir sy eie posseëls betaal en hulle self lek ook, en het hom toe ‘n ‘toelaag’ gegee en later ‘n terugwerkende pensioen van \$25,000 per jaar.

Nadat Eisenhower ingesweer is, het Harry en Bess alleen huis toe gery na Missouri en daar was geen wagte wat hulle gevolg het nie.

Toe hy korporatiewe posisies aangebied is teen groot salarisse, het hy dit van die hand gewys en gesê: “Julle wil my nie hê nie. Julle wil die kantoor van die president hê en dit behoort nie aan my nie. Dit behoort aan die Amerikaanse volk en dit is nie te koop nie.”

Later selfs, op 6 Mei 1971, toe die Kongres voorberei het om vir hom ‘n Eremedalje te gee, het hy dit geweier en aan hulle geskryf: “Ek sien dit nie dat ek enigiets gedoen het wat ‘n rede kan wees vir enige toekenning nie, kongressioneel of andersins.”



Harry Truman en sy vrou, Bess.

As president het hy al sy reisonkoste en etes uit sy eie sak betaal.

Die hedendaagse presidente en politici het ‘n nuwe vlak van sukses gevind om geldmaak uit die presi-

dentskap, met die gepaardgaande ontsaglike rykdom. Vandag het baie Kongreslede of Parlementariërs ook maniere tot rykdom gevind terwyl hulle die vrug van hulle ampte geniet. Politieke ampte is nou te koop.

Goeie ou Harry was heeltemal reg toe hy opgemerk het: “My keuses in my lewe was of om ‘n klavierspeler in ‘n hoerhuis te word, of ‘n politikus. En om die waarheid te sê, daar is byna geen verskil nie!”

‘n Bewonderaar sê die volgende oor Harry Truman: “Grawe hom op en kloon hom!”

DIE ROOI DRAAK

Deur die Vatikaan se geskiedenis is dit al oor and oor bewys dat hulle korrup en boosaardig kan wees. En vandag hou hulle Die Rooi Draak – ook bekend as die Evangelie van Satan - in hulle midde.

Hierdie is nie fiksie nie. Die Vatikaan beskou die boek as hulle eiendom, en dit word in hulle verbode Argiewe gehou, weg van die gewone mense glo vir ons eie veiligheid. Al vir 500 jaar het niemand anders as die Vatikaan die boek onder oë gehad nie.

Die boek staan ook bekend as die Verhewe Grimoire en is ‘n boek van towerkuns en oproeping van demone. Dit is klaarblyklik die engste een in die wereld wat wys nie net hoe om Satan op te roep nie, maar ook hoe om ‘n verbond met hom te sluit. Die mense van Haïti het ‘n groot bewondering vir die boek, en gebruik baie van die rituele in hul eie towerkunste. Waar hulle die boek gekry het, wil hulle nie sê nie, maar in die simbole en rituele kan ons ‘n eggo sien van die Katolieke se gebruike.

Die prent in fig 1 is wat bekend staan as ‘n Veve. Die simbool word gebruik in Voodoo rituele om die Loas, of geeste, op te roep. Hulle verskil van stam tot stam

oor die hele Afrika en die herkoms is nog nie vas gestel nie, maar ons kan duidelik die ooreenkomste van die altar in the kerke kan sien.

Volgens die legendes was die oorspronklike boek geskryf deur Satan en kan dit nie verbrand of beskuldig word op enige normale manier nie. Maar oor waar die boek presies vandaan kom, kan net gespekuleer word.



Die ooreenkomste met die Katolieke se altaar is baie duidelik.

Wat ons wel weet, is dat dit moontlik afstam van die boek “The Key of Solomon”. Dit word beskou as ‘n Pseudepigrapha, of ‘n boek waarvoor die verkeerde skrywer gekrediteer word, en dit het dus het niks te doen met Salomo nie. Ons weet egter wel hy is ten minste oor ‘n duisend jaar oud. Hierdie boek is maklik te vinde op die internet en wys hoe om demone op te roep en te gebruik vir antieke towerkuns soos vir onsigbaarheid, om verlore items te vind, en om ‘n liefdesbetowering te gebruik. Dit gaan ook in diepte in oor hoe om duiwelbeswering te doen.

Dit sal sin maak dat die Vatikaan ‘n hulppyn vir duiwelbeswering sal aanhou. Hulle kerk het vir seker die grootste infestasië in terme van demoniese duiwelbeswering, en hulle is ook die enigste kerk wat



kan spog met 'n groot groep geestebesweerders wat definitief demone uit mense kan dryf. Die boek moedig lesers sterk aan om 'n goeie verhouding te bou met God en om die siel skoon te maak van sonde voor enige van die towerkuns aangepak word, anders sal jy vatbaar wees vir korrupsie deur die Demone.

“The Key of Solomon” wys verder ook wat om aan te trek vir duiwelbeswering, hoe om beskermings simbole te teken en hoe om demone te beheer vir vele ander towerkunste.

Die vraag is nou wat was eerste, die hoender of die eier? Die Rooi Draak is baie moontlik ouer as Salomo se boek, en dit mag wel geskryf wees deur die duiwel of een van sy getroue volgelingen. Daar is stories wat vertel dat die boek moontlik die ligging van Bybelse artefakte bevat, bewyse van God se wonderwerke en ook 'n skets van Christus se gesig.

Daar is nog een ander boek wat vir ons 'n aanduiding kan gee van wat in die verdoemde bladsye van Die Rooi Draak aangaan. “The Book of Honorius” was geskryf in the 14de of 15de eeu deur Honorius van Thebes. Die storie vertel hoe hy oorgeneem is deur Satan om die boek te kon skryf.

Volgens geskiedkundiges is die boek dalk 'n direkte kopie van Die Rooi Draak, maar sleutelwoorde is verander om te verhoed dat die gewone mens die ware krag van die boek kon gebruik. Net soos “The Key of Solomon” gee die boek rituele en riglyne oor hoe om demone op te roep en hoe om hulle te beheer, en dring diep in tipiese Renaissance towerkunste in. Dit sluit in Pyromancy, Geomancy en Necromancy.

Daar word tot vandag toe nog bespiegel of Honorius werklik bestaan het. Baie geskiedkundiges glo hy was Pous Honorius III, wat rondom die tyd geleef het toe die boek geskryf is.

Waar die boek ook al vandaan kom, samesweerders glo vas dat Die Rooi Draak 'n beseffende effek het op die Pous. Hy begin klaarblyklik as 'n mens en wanneer hy ingesweer word verander hy in 'n demoon, of hy word oorgeneem deur een. Hulle glo ook dat Die Rooi Draak werklik gebruik word om met Satan te kommunikeer en dit is hoekom die Katolieke kerk so magtig is vandag.

In die kerk vandag word Christus vervang met Baäl – 'n ander naam vir Lucifer - en Astarte vervang met Maria en as jy verder in die geskiedenis teruggaan, is Astarte eintlik Ashtaroth - wat een van die drie groot demone in die Hel is, en hy word beskryf as die Hertog van die Hel. Baäl word direk gekoppel met die Paasweek (deel van die aanbidding van die Ooste Son, asook nuwe lewe vandaar die paashase en eiers) en ook Son-aanbidding as 'n geheel. Dit was jare gelede ingestel om die Christen geloof makliker aanvaarbaar te maak vir heidene – en is nooit terug verander nie.

Daar sal altyd bespiegel word oor wat die boek eintlik is. Die Katolieke se geskiedenis is so donker as wat dit boos is. Met so baie demoniese probleme in die Vatikaan en soveel teenstrydighede in hulle geloof is dit werklik moontlik dat daar meer vuur is as rook, maar net die Vatikaan sal ooit vir seker weet.

'N BLOEDTRAAN



Honderde ekstatische pelgrims stroom na 'n standbeeld van die Maagd Maria omdat daar geglo word dat sy 'n enkele bloedtraan gehuil het. Foto's daarvan is op die Internet geplaas en dit het 'n ongekende pelgrimstog na Floridablanca in Kolombië aan die gang gesit.

'n Inwoner van die dorp het gesê: "Elke dag bid die bure voor die beeld van Maria en gister het hulle gesien dat sy 'n bloedtraan in haar linkeroog het. Mense het van naby daarna kom kyk en bevestig dat dit so is."

Die plaaslike priester, Jorge Eliecer Garcia, het gesê: "Mense het 'n neiging om in hierdie situasies saam te kom en dit word vir sommige pelgrimstogte en vir ander is dit besigheid. Dit raak egter ook die harte van mense op die een of ander manier."

'n Mens wil nie koue water op ander se entoesiasme gooi nie, maar waarom is dit dat hierdie soort verskynsel net onder die katolieke voorkom? Waarom is dit dat hulle so naïef en liggelowig is? Waarom is dit dat net hulle lewes vertroebel word deur demone en sulke dinge? Hoekom het net hulle goed soos duiwelbeswering?

POSKANTOOR STEIER

Volgens 'n verslag wat die huidige uitvoerende hoof van die SA Poskantoor aan die Parlement gelewer het, kan die Poskantoor binne 'n maand in duie stort indien nuwe finansiering nie betyds verkry word nie. Die Poskantoor ly tans 'n verlies van sowat R125 miljoen per maand. Die afgelope tyd is 25 Poskantoor-takke gesluit, hoofsaaklik omdat die huur nie meer bekostig kon word nie. Die poskantoor het in die jongste begroting R650 miljoen van die Tessourie gekry, maar dit is nie voldoende om sy skuld te dek wat teen Maart vanjaar al R800 miljoen oorskry het nie. 'n Effense ligpunt is dat verwag word dat die Poskantoor vanjaar 'n verlies van R1,2 miljard sal ly teenoor R1,5 miljard verlede jaar. Vir volgende jaar word 'n verlies van R1,1 miljard voorspel en in die jaar daarna kan dit na verwagting in 'n wins omskep word.

Mintag! Die perre is positief!

LIMPOPO GEBIED

BELANGRIK

Ek moet hierdie met julle deel, anders het die groep geen waarde nie en ons is besig met speletjies. Dit is al hoe ons gaan leer om bymekaar te staan.

Ons buurtweg is 'n wakker groep. Ons is al saam deur 'n hele paar situasies wat regtig goed hanteer is. Ons hele omgewing was gisteraand onder 'n "silent attack". Ek weet nie wat om dit anders te noem nie?

Gisteraand 12:30 het die eerste oproepe gekom. Drade word geknip, alarms gaan af, huise se vensters word met klippe stukkend gegooi. Eers die een



plaas, toe die volgende.... en toe is dit chaos! Naderhand het die manne van die buurtwag net hulle eie plekke dopgehou en beskerm.

Ons eie draad net om die huis en die perdekampe is (wat ons tot nou gesien het) op 17 plekke geknip. Geen doel, geen orde, geen rede nie. Net dood plein op 17 plekke geknip. Dis net om ons huis. Ons wilds-draad om die plaas is 25 km lank. Hulle is nou besig om te kyk hoeveel plekke is nog geknip.

Hulle was BAIE en hulle was ORALS. Niks is gesteel of niemand is seergemaak nie. En dit laat mens dink..... Ons weet hulle wou ons reaksie sien. Hulle het basies 'n magsvertoning gehad sodat ons kan sien hoe verskriklik baie hulle is en hoe groot gebied hulle kan teiken.

Ek is dankbaar daaroor. Ons sal ons koppe moet mooi oopkry en (veral ek!) sal moet ophou gemaklik voel omdat ons 'n goeie buurtwag het! Ons sal só uit die boks moet dink.

Julle moet almal wakker slaap, asseblief!

SIVIELE ONRUS

Die onderliggende metode van siviele onrus is die massa mobilisering van meesal welmenende mense met 'n valse konsep, asook 'n vals belofte, van demokrasie. Dit is niks nuut nie. Meer as 200 jaar gelede het Brittanje se Lord Shelburne die hoof van intelligensie, Jeremy Bentham, met hierdie metode gelei in die vorming van die Franse Rewolusie van 1789 en die minister van Finansies, Jaques Necker, gebruik.

Shelburne en Bentham het die massas gemobiliseer om 'n terreurregering in te stel en het letterlik baie

van die Franse intelligensia onthoof.

Daar is 'n ongebroke kontinuïteit van denke van Cecil Rhodes se beplanning in 1877 vir die "uitbreiding van Britse heerskappy swarsoor die wêreld".

Toe die tradisionele vorm van Britse imperiale regering – met voete op die grond – begin lyk asof dit 'n twyfelagtige toekoms het, het die Britte hulleself voorberei vir "indirekte regering". Die oorspronklike variasie van indirekte regering, ontwikkel deur die Round Table, het die gebruik van Afrika hoofmanne as agente van die empire ingesluit. Die beleid is deur Rhodes se eksekuteurs, Lord Alfred Milner en Lord Frederick Lugard, in die Vroeë 20 ste eeu uitgewerk.

Onder Neo-kolonialisme sou die swartes "geskool" word om Afrika vir die Britte te regeer. Met behulp van Oxford Universiteit, kon Suid-Afrikaanse leiers in belang van die Brise imperiale belange optree uit hulle eie gedisorïenteerde bewustheid. Vandag sien ons die voorbereiding van 'n potensiaal vir siviele onrus opstand in Suid-Afrika.

Die pionier van siviele onrus oorlogvoering wêreldwyd, was Gene Sharp. Hy het 'n boek geskryf, *Waging Nonviolent Struggle*, oor hoe die massa van ongewapende mense gemanipuleer kan word om 'n regering omver te werp of die omverwerping te begin en die politieke mag te gryp of ander dit te ontsê. Dit beteken nie dat daar geen geweld sal wees nie. As geweld nodig is om die proses te voltooi, sal gewelddadige politieke groepe voorradig wees of spesiale magte mag stilletjies ingestuur word, of beide.

Tydens die Derde Moskou Konferensie oor Internasionale sekuriteit op 23 Mei 2014, het die Russiese Minister van Verdediging, Sergei Shoigu, siviele onrus (color revolutions) gekarakteriseer as 'n nuwe form van oorlog wat uitgedink is deur die Westerse regerings wat die verwydering van nasionale regerings wil hê ten gunste van hulle wat deur die Weste beheer word.

SUID-AFRIKA

Die leierskap van die Metaalwerkers en ander kleiner unies word vir jare al geteiken deur die Gene Sharp apparatus in Suid-Afrika. Hulle word toenevend gestuur in 'n gewelddadige opposisie tot die regering en die regerende ANC. NUMSA se sekretaris-generaal, Irvin Jim, het die ANC bendeled en tsotsies genoem.

Tydens 'n konferensie op 13-14 Desember 2014 wat in Boksburg naby Johannesburg georganiseer is deur NUMSA om 'n "verenigde front van sosialisme" te vorm, het NUMSA klaarblyklik verklaar dat die Verenigde Front die "demokratiese regime verandering" sal bring wat Suid-Afrika nodig het om sy burgers te bevry van neo-liberalisme. NUMSA is in November daarvan beskuldig dat hulle regime verandering wil hê.

In Suid-Afrika, soos elders, is "regime verandering" 'n bedreiging van veel meer as net 'n verandering van regime. Dink aan die agtergrond: Die Britse oligarchs het gehoop op 'n rasse-oorlog as die uiteinde van die bevrydingsstryd van die swartes. Hoekom? Prins Philip en die ou families het geen gebruik vir swartes in 'n wêreld wat te veel mense na hulle sin het en hulle wil die bevolking van die wêreld met 3 tot 5 biljoen verminder.

Enige plan om mense op hierdie vlak dood te maak deur konflik en siektes sal die mees kwesbare teiken. Toe Mandela nie die rasse-oorlog begin het soos wat hy beveel is nie, het die oligachs nie tou opgegooi nie. Vir hulle is enige mobilisasie gebaseer op populêre woede 'n nuwe geleentheid.

Een so 'n "trigger" was die Marikana slagting op 16 Augustus 2012 van platina-mynwerkers waarin 34 doodgeskiet is deur die polisie, en was waarskynlik 'n 'special op' wat populêre woede geskep het – van

die soort wat gereed is om deur die regime-verandering spesialiste gemanipuleer te word. Dit het die swartes kwaad gemaak. Daardie gebeurtenis het genoeg onstabieleit geskep wat dreig om Suid-Afrika in 'n afwaarde spiraal te dwing. Videos van die gebeurtenis suggereer dat beide die polisie en die myners gemanipuleer is.

Vir die Britse empire is die BRICS gemeenskap die uiterste (beslissende) bedreiging en is die rede vir die druk vir regime verandering in Suid-Afrika en ander verwante 'operations' teen die ander BRICS regerings. Die Brics beplan self verandering in Afrika, maar om die mense van die kontinent te help en dis waarskynlik die rede waarom Zuma so vasklou aan sy stoel. Hy sien nog groot glans en praal vorentoe.

Die aktiviste wat teen die regering werk, konsentreer op die ernstige probleme soos werkloosheid, armoede en korrupsie. Hierdie kan egter nie opgelos word bloot deur regime verandering sonder om die groter finansiële sisteem waarbinne Suid-Afrika 'operate' ook te verander nie. Meeste aktiviste wat hulle lande vernietig, is nie daarvan bewus dat hulle werk bestuur word deur London en Wall Street sonder enige bekommernis oor werkloosheid, armoede en korrupsie nie.

SWOP is die middelpunt van die siviele onrus (color revolution) apparatus in Suid-Afrika. Dit is 'n instituut aan die Universiteit van die Witwatersrand (Wits). Oorspronklik was dit die Sociology of Work Project. Nou word dit genoem Society, Work and Development Institute, maar is steeds bekend as SWOP. Aan die hoof hiervan staan voormalige aktivis en sosioloog, Eddie Webster.

Sedert 1993 het Gene Sharp 'n Vyfde Kolom in Suid-Afrika ontwikkel wat alreeds netjies in plek was – 'n netwerk wat die kundigheid het in dinamika van die sosiale 'fabric' en wat in aksie geroep kan word as die ANC begin afwyk van sy verbintenis tot die Britse finansiële empire van neo-liberalisme.



En nou het dit gebeur. SWOP is van sy stigting in 1983 bedoel om as vyfde Kolom gebruik te word met die doel om gedissiplineerde vakunies te gebruik as 'n mag teen die regering.

Hulle is nou vasgekeer deur 'n monster wat 'n ideologie is, asook 'n industriële raamwerk. Hulle sal nie daarvan hou as iemand suggereer dat die massa mobilisasie waarvan hulle droom, nie sal vry wees om die doelstellings waaraan hulle soveel waarde heg, te bereik nie. Kyk na verlate Libië. Oorweeg die lyding dwarsdeur die Oekraïne waar 'n "color Revolution" 'n slegte regering vervang het met 'n baie erger een, een wat die "budget" sny onder Internasionale Monetêre Fonds leiding en kan nie eens energie voorsien aan sy mense in die winter nie.

Alles is egter nie swart of wit nie. Brittanje steek gedurig sy neus in ons land se sake. Dit het glo bekend geraak dat Brittanje se Departement van Verdediging planne maak om die ANC in die magsposisie te hou, maar die swartes speel nie saam nie. Hulle sê dis net om die aandag af te trek van die Britte se werklike plan om Zuma uit die saal te lig. Met TV en internet vandag is dit moeilik om enigiets meer heeltemal geheim te hou. Gwede Mantashe het byvoorbeeld gesê dat voormalige bevrydingsbewegings magtige regerings geword het (vir hulle natuurlik), maar het teikens geword vir regime verandering. Wanneer 'n swarte in 'n magsposisie is, doen hy nie maklik aftsand daarvan nie omdat hulle die blanke se regeringsmetodes nie verstaan nie.

Volgens die eNCA het Mantashe gesê dat die Westerse magte politieke outoriteite wat hulle beskou as nie goed vir Westerse belange nie, omver wil werp.

Tydens 'n anti-rassisme protesoptog in Pretoria in Februarie, het hy die VSA se Ambassade daarvan beskuldig dat hulle elke dag bymekaar kom om 'n regime verandering in Suid-Afrika te bevorder. Hy het die ambassade ook daarvan besludig dat hulle mense vir ses weke na die VSA neem en hulle dan

terugbring en hulle op kampusse "plant".

Ja, hulle weet en ons weet, maar daar is niks wat hulle kan doen om te keer dat die land uiteindelik weer na die boervolk sal teruggaan nie. Die verandering van regime sal plaasvind en die liberaliste gaan die regering hier oorneem, maar nie vir lank nie, want niemand dink meer aan die boervolk nie en dis goed so. Wanneer ons dus opstaan, gaan niemand dit verwag nie en dit sal die laaste regime verandering wees – een wat Brittanje en sy maatjies hard gaan slaan.

LIEWE WIT SEUN EN DOGTER

Namens die blanke vaders van ons verdwaalde en ellendige volk wil ek vandag by 'n ieder en elk van ons seuns en dogters om vergiffenis pleit; vergiffenis nie net vir dit wat ons julle aangedoen het nie, maar ook vir alles wat ons as vaders nagelaat het om te doen.

Ons het swyend en doodstil bly sit toe ons julle — soos Andries Pretorius en Sarel Cilliers — teen die swart barbaar moes beskerm; toe ons moes keer dat hy alles wat julle toekom, vir hom vat. Ons het ook niks gedoen toe hy julle erfenis plunder en verwoes nie; toe hy voor ons oë julle moeders en sussies onteer en doogemaak het nie; want ons het nie omgee dat daar vir julle — die nageslag van óns vaders — geen nakroos sal wees nie; geen toekoms nie, geen vaderland, geen geskiedenis, geen heil, ja, en ook geen God om aan vas te hou nie.

Die dag toe die tralies agter ons nuwe Jesus toeklap en hy in sy bonthemp deur die land begin waggel, het onself die Gedenknaam van onse God in die Parlement taboe verklaar; is ons Vader deur die Kerk verplig om die preekstoel met die voorvadergees te deel, en ter wille van bese afgod het ons U die deur



gewys. Nou sien ek U staan by die deur tevergeefs en klop en vra om in te kom. Maar daarbinne hang hulle aan die lippe van hom van hom wie U bevel gegee het dat hy in u vergadering nie mag kom nie.

Intussen het ons herders, ook ter wille van die barbaar, U Seun met stokke en swaarde omsingel, gevange geneem en weer soos 'n uitvaagsel aan 'n paal gespyker. En al verwysing na U wat hulle nog duld, is 'n titel op 'n kleinhuisie se deur...

Ook in ons hoogste vergadering het ons leiers geen beswaar gehad om as 'n kraal vir God se aap te dien. En, glo dit as jy wil, daar waar die veldduiwels skree, rumoer, vloek, skel en baldadig rondspring, daar het ons rinkop-kadawers hulle ook gerieflik tuisgemaak; sit hulle gemaklik agteroor en ontspan; skaamteloos; gewetenloos; koersloos; doelloos; eerloos; volkloos; maar bowe-al sorgloos, want maandeinde is hul skatlike loon stiptelik gewaarborg. Of hulle hul nou vererg vir die platneusrumormakers, keel skoonmaak, kopskud, hul oë rek en tussenwerpsels maak, of 'n spreekbeurtjie kry en dan glo hul gesnotter was sinvol, maak geen verskil nie, want geen veldduiwel het hulle nog ooit raakgesien, van hulle notisie geneem, na hulle geluister of verstaan sou hulle iets probeer kwytraak nie. Dan sak hulle maar weer agteroor in die sagte kussings, salig en doodtevrede dat hulle vir hulself in die bres getree het.

Soos FW De Klerk vir óns in die bres getree het met die referendum van 1993 toe hy ons wittes op TV voor 'n keuse gestel het: "Julle moet vandag kies — kies, tussen die SA krieketspan (wat angstig sit en wag om in Nieu-Seeland die eerste toetswedstryd te speel), se toekoms, of julle kinders s'n!"

En, glo my, dit was maklik, julle toekoms het los hande verloor!

Net soos die parlement-kadawers en De Klerk, het ons ook nie omgee dat ons keuse julle geheel en

al sonder werk, heenkome of hoop gelaat het nie, nie omgee dat ons moeders en pragtige dogters genadeloos, wreed en dierlik verkrag, verneder en aaklig vermoor word nie, of dat duisende van ons weerlose bejaardes op hul plase soos varke geslag word nie.

Ja, sowaar as wat God leef, FW de Klerk en ons gee nie om nie!

Ons het nie die moed gehad om hom keel-af te sny nie, ons het ook nie die moed gehad om 'n sweep te vleg en met God aan ons sy, die kadawers in hul kussings storm te loop en te verdryf nie — want, net soos 'n Simson het ons eers na die verkiesing skielik besef sy Krag het ons verlaat, en ook sy Swaard, wat op 16 Desember 1838 die waters van die Ngome in bloed verander het!

Liewe seun en dogter van my volk, hoe durf ons julle om vergifenis vra? Hoe durf ons sê ons is jammer, terwyl veldduiwels op jul moeders se grafte dans, terwyl ons en FW in die skone Soweto-tempel rondom die sportaltaar versamel om die barbaar in ons midde, met sy ba(ä)l onder die arm op pad doellyn toe, met 'n oorwiningskreet toe te juig.

Maar vir ons en FW het die tyd nou uitgeloop, en aanstons sal hy saam met ons as vaders geroep word om een-een, sonder bystand, sonder raadsman, sonder advokaat en sonder 'n lamp vir ons voet, voor Hom te verskyn.

En, net soos FW, vrees ons ook daardie oomblik, want op die vraag wat Hy gaan vra, kon geeneen van ons (De Klerk inkluis) tot op hede nog 'n antwoord vind nie: "Hoekom? Hoekom het julle dit aan jul vaderland, jul erfenis, jul voorouers, jul kinders en aan My gedoen?"

Ons erfenis het ons weggegee, ons vaderland afgeteken, ons voorouers is lankal by hulle vaders versamel, en Hom ken ons nie meer nie.



Net julle het oorgebly in hierdie geplunderde verwoeste land.

En wat ons nou by julle wil weet, liewe wit seun en wit dogter van Bloedrivier, is — WAT MOET ONS VIR HOM SÊ?

DIE BOERE STAAN OP!

DEUR ADVOKAAT MILA FOURIE

As die Parlement verrot is en verlate van ons God is
En onreg is die wette van die Land
Skryf ek Drie Blou Briewe aan die moordenaars en
diewe
En my woorde word 'n Swaard in God se Hand

Die sag Geelperskereën daal neer soos God se seën
En die Man in die Bruin Pak staan al nader
En die spoorlyn staan gereed vir die wat daarvan
weet
Dis die Ysterhand van ons Hemel Vader

Die hardkoppig blindes wat met Satan aan bewind
is
Sal leer om weer die Ware God te vrees
Laat elke Boer wat glo, Die Stem verhef na bo
En ons sal weer 'n Vrye Nasie wees!

PRETORIA BRAND

Ons het die afgelope paar jaar verskeie kere gepraat oor die swartes wat die stede en dorpe gaan afsny sodat niemand kan in of uit nie. Min mense wou aan dié gedagte byt omdat dit so onmoontlik gelyk het, maar nou het dit in Pretoria gebeur – 'n stad wat oënskynlik te groot is om dit mee te doen.

Die lokasies lê rondom die stede en, soos ons nou eers besef, is dit vir dekades reeds beplan. Tragies genoeg is daar steeds mense wat dit nie wil glo nie en dalk moet hulle weer 'n slaggie Raka gaan lees waar die gevaar buite die paleheining in die nag rondsluip.

Ons het ook dikwels gepraat oor naasteliefde en dat 'n mens jou mede-blanke in nood moet help – dit sluit boemelaars in. Hulle het nie gekies om dit te wees nie.

Die gevaar wat om ons huise snags sluip en die hulp aan mede-blankes wat verarm het, hou met mekaar verband.

Luister wat sê Psalm 41:2 – Welgeluksalig is hy wat ag gee op die arme; die Here sal hom red in die nag van onheil.

Nie die arme onder ander rasse of volke nie, maar die arme onder jou eie volk. Wat hier staan, is dat as jy nie gee nie, sal jy die aanval waarskynlik nie oorleef nie, want jy sal nie die beskerming van God hê nie.

Ons ken die swarte se gewelddadigheid, sy moordlus en bandeloosheid. Moet hulle nie onderskat nie. Die Belgiese Kongo en Angola van die sestigerjare moet vir ons 'n les wees, want dit gaan hier op veel groter skaal herhaal word.

Geweld is die enigste manier waaraan swartes kan dink om enige saak op te los. Blankes wat nog glo dat daar samewerking tussen wit en swart kan wees, leef in Lala-land.

GEWELD DIE AFGELOPE PAAR WEKE RONDOM PRETORIA EN DURBAN



Groot trokke is aan die brand gestee en miljoene rande se skade is aangerig.



Eers is die rakke heeltemal leeg gemaak



Brandweermanne probeer die vlamme blus.



motors uitgebrand by 'n paneelklopper.



Uitlanders se winkels is geplunder en aan die brand gestee.



'n Man is in die maag geskiet. Sy toestand is ernstig.



Paaie is versper



Polisieman help homself



Waardevolle skilderye van Johannesburg Universiteit word vernietig



INTEKENARE OP DIE VAANDELDRAER:

BETAAL AAN:

Brandwag Verspreiders

INTEKENGELD:

RSA R150

Namibië R180

Per epos: R120 per jaar

ONS ADRES:

Posbus 316, LADISMITH, 6655

Tel: 028-5512516 Faks: 086 2706347

BANKBESONDERHEDE:

Vaandel Uitgewers

Standard Bank

Rek. Nr. 188 263 217

Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Navrae: info@vaandel.co.za